

Argief
BUI TENG EWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.



OFFICIAL GAZETTE

EXTRA ORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Vrydag, 11 Oktober 1968

WINDHOEK

Friday, 11 October 1968

No. 2930

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

PROKLAMASIE:

No. R. 280 (Republiek) Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951): Vervanging van die Internasionale Konvensie insake Laslyne, 1930, deur die Internasionale Konvensie insake Laslyne, 1966

PROCLAMATION:—

(Republic) Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951): Substitution for the International Convention Respecting Load Lines, 1930, of the International Convention on Load Lines, 1966 1

PROKLAMASIE

PROCLAMATION

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

No. R.280.]

No. R.280.]

HANDELSKEEPVAARTWET, 1951 (WET NO. 57 VAN 1951), SOOS GEWYSIG

MERCHANT SHIPPING ACT, 1951 (ACT NO. 57 OF 1951), AS AMENDED

VERVANGING VAN DIE INTERNASIONALE KONVENSIË INSAKE LASLYNE, 1930, DEUR DIE INTERNASIONALE KONVENSIË INSAKE LASLYNE, 1966.

SUBSTITUTION FOR THE INTERNATIONAL CONVENTION RESPECTING LOAD LINES, 1930, OF THE INTERNATIONAL CONVENTION ON LOAD LINES, 1966.

Kragtens die bevoegdheids my verleen by artikel 356bis (1) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig, vervang ek hierby die Internasionale Konvensie insake Laslyne, 1930, wat in die Vierde Bylae van genoemde Wet verskyn, deur die Internasionale Konvensie insake Laslyne, 1966, wat in die Bylae hiervan vervat is.

Under the powers vested in me by section 356bis (1) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended, I hereby substitute for the International Convention respecting Load Lines, 1930, appearing in the Fourth Schedule to the said Act, the International Convention on Load Lines, 1966, contained in the Annex hereto.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hede die Negentiende dag van Julie Eenduisend Negehoenderd Agt-en-sestig.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Nineteenth day of July One Thousand Nine Hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

Op las van die Staatspresident-in-rade,
M. C. G. J. VAN RENSBURG.

By order of the State President-in-Council,
M. C. G. J. VAN RENSBURG.

BYLAE

ANNEX

INTERNASIONALE KONVENSIË INSAKE LASLYNE, 1966

INTERNATIONAL CONVENTION ON LOAD LINES, 1966

Die kontrakterende Regerings,
BEGERIG om eenvormige prinsipes en reëls vas te lê in verband met die grense tot waar skepe tydens inter-

The Contracting Governments,
DESIRING to establish uniform principles and rules with respect to the limits to which ships on international voy-

nasionale reise gelaai mag word met inagneming van die noodsaaklikheid om lewens en eiendom op see te beveilig;
 EN VAN MENING dat hierdie doel die beste bereik kan word deur sluiting van 'n Konvensie;
 HET soos volg OOREENGEKOM:

ARTIKEL 1

Algemene verpligting ingevolge die Konvensie

(1) Die kontrakterende Regerings verbind hulle om die bepalinge van hierdie Konvensie en die bybehorende Aanhangsels wat 'n integreerende deel van hierdie Konvensie vorm, toe te pas. Elke verwysing na hierdie Konvensie is terselfdertyd 'n verwysing na die Aanhangsels.
 (2) Die kontrakterende Regerings sal alle maatreëls tref wat nodig mag wees om hierdie Konvensie toe te pas.

ARTIKEL 2

Woordomskrywings

Vir die doeleindes van hierdie Konvensie beteken, tensy uitdruklik anders bepaal—

- (1) „Regulasies”, die Regulasies by hierdie Konvensie aangeheg;
- (2) „Administrasie”, die Regering van die Staat onder wie se vlag die skip vaar;
- (3) „goedgekeur”, deur die Administrasie goedgekeur;
- (4) „internasionale reis”, 'n seereis van 'n land waarop hierdie Konvensie van toepassing is, na 'n hawe wat buite daardie land geleë is, of omgekeerd, en vir hierdie doel word elke gebied waarvan die internasionale betrekkinge die verantwoordelikheid van 'n kontrakterende Regering is of waarvan die Verenigde Volke die administrerende gesag is, as 'n afsonderlike land beskou;
- (5) „vissersboot”, 'n skip vir die vang van vis, walvisse, robbe, walrusse of ander seelewe;
- (6) „nuwe skip” 'n skip waarvan die kiel op of na die datum waarop hierdie Konvensie vir elke kontrakterende Regering van krag word, gelê is, of wat op 'n ooreenstemmende konstruksiestadium is;
- (7) „bestaande skip”, 'n skip wat nie 'n nuwe skip is nie;
- (8) „lengte”, 96 persent van die totale lengte op 'n waterlyn by 85 persent van die kleinste holte in die sye, gemeet van die bokant van die kiel, of die lengte van die voorkant van die voorstewe tot die as van die roerkoning op daardie waterlyn, indien dit groter is. By skepe wat ontwerp is met 'n helling van die kiel moet die waterlyn waarlangs hierdie lengte gemeet word, parallel wees met die ontwerpte waterlyn.

ARTIKEL 3

Algemene bepalinge

(1) Na die datum waarop hierdie Konvensie van krag word, mag geen skip waarop hierdie Konvensie van toepassing is, uitvaar om 'n internasionale reis te onderneem nie, tensy dit ondersoek, gemerk en van 'n Internasionale Laslynsertifikaat (1966) voorsien is of, wanneer van toepassing, 'n Internasionale Laslynsertifikaat ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Konvensie besit.
 (2) Niks in hierdie Konvensie vervat, belet 'n Administrasie om 'n groter vryboord toe te wys as die minimum vryboord wat ooreenkomstig Aanhangsel I vasgestel is.

ARTIKEL 4

Toepassing

- (1) Hierdie Konvensie is van toepassing op—
 - (a) skepe wat geregistreer is in lande waarvan die Regerings kontrakterende Regerings is;

ages may be loaded having regard to the need for safeguarding life and property at sea;

CONSIDERING that this end may best be achieved by conclusion of a Convention;
 HAVE AGREED as follows:

ARTICLE 1

General Obligation under the Convention

(1) The Contracting Governments undertake to give effect to the provisions of the present Convention and the Annexes hereto, which shall constitute an integral part of the present Convention. Every reference to the present Convention constitutes at the same time a reference to the Annexes.
 (2) The Contracting Governments shall undertake all measures which may be necessary to give effect to the present Convention.

ARTICLE 2

Definitions

For the purpose of the present Convention, unless expressly provided otherwise:

- (1) “Regulations” means the Regulations annexed to the present Convention.
- (2) “Administration” means the Government of the State whose flag the ship is flying.
- (3) “Approved” means approved by the Administration.
- (4) “International voyage” means a sea voyage from a country to which the present Convention applies to a port outside such country, or conversely. For this purpose, every territory for the international relations of which a Contracting Government is responsible or for which the United Nations are the administering authority is regarded as a separate country.
- (5) A “fishing vessel” is a ship used for catching fish, whales, seals, walrus or other living resources of the sea.
- (6) “New ship” means a ship the keel of which is laid, or which is at a similar stage of construction, on or after the date of coming into force of the present Convention for each Contracting Government.
- (7) “Existing ship” means a ship which is not a new ship.
- (8) “Length” means 96 per cent of the total length on a waterline at 85 per cent of the least moulded depth measured from the top of the keel, or the length from the fore side of the stem to the axis of the rudder stock on that waterline, if that be greater. In ships designed with a rake of keel the waterline on which this length is measured shall be parallel to the designed waterline.

ARTICLE 3

General Provisions

(1) No ship to which the present Convention applies shall proceed to sea on an international voyage after the date on which the present Convention comes into force unless it has been surveyed, marked and provided with an International Load Line Certificate (1966) or, where appropriate, an International Load Line Exemption Certificate in accordance with the provisions of the present Convention.
 (2) Nothing in this Convention shall prevent an Administration from assigning a greater freeboard than the minimum freeboard determined in accordance with Annex

ARTICLE 4

Application

- (1) The present Convention shall apply to—
 - (a) ships registered in countries the Governments of which are Contracting Governments;

- (b) skeep wat geregistreer is in gebiede waarop hierdie Konvensie kragtens artikel 32 van toepassing is; en
- (c) geregistreerde skeep wat onder die vlag vaar van 'n Staat, waarvan die regering 'n kontrakterende Regering is.
- (2) Hierdie Konvensie is van toepassing op skeep wat internasionale reise onderneem.
- (3) Die Regulasies in Aanhangsel I vervat is spesifiek op nuwe skeep van toepassing.
- (4) Bestaande skeep wat nie ten volle aan die vereistes van die Regulasies in Aanhangsel I of enige deel daarvan vervat voldoen nie, moet ten minste voldoen aan die verwante vereistes van minder belang wat die Administrasie voor die inwerkingtreding van hierdie Konvensie op skeep tydens internasionale reise toegepas het; in geen geval sal van sulke skeep verlang word dat hulle hul vryboord vergroot. Om voordeel te trek uit enige vermindering in vryboord in vergelyking met dié wat vantevore toegewys is, moet bestaande skeep aan alle vereistes van hierdie Konvensie voldoen.
- (5) Die Regulasies in Aanhangsel II vervat geld vir nuwe en bestaande skeep waarop hierdie Konvensie van toepassing is.

ARTIKEL 5

Uitsonderings

- (1) Hierdie Konvensie is nie van toepassing nie op—
- (a) oorlogskeep;
- (b) nuwe skeep met 'n lengte van minder as 24 meter (79 voet);
- (c) bestaande skeep met 'n brutogewig van minder as 150 ton;
- (d) plesierjagte wat geen handel dryf nie;
- (e) vissersbote,
- (2) Niks hierin vervat is van toepassing op skeep wat slegs vaar op—
- (a) die Groot Mere van Noord-Amerika en die St. Lawrencerivier, ooswaarts tot aan 'n loksodroom getrek van Cap des Rosiers tot West Point, Anticosti-eiland, en, ten noorde van die Anticosti-eiland, die meridiaan van 63° westerlengte;
- (b) die Kaspiese See;
- (c) die Plata-, Parana- en Uruguay-riviere ooswaarts tot 'n loksodroom getrek tussen Punta Norte, Argentinië en Punta del Este, Uruguay.

ARTIKEL 6

Vrystellings

- (1) Skeep wat vir internasionale reise tussen die nabygeleë hawens van twee of meer state gebruik word, kan deur die Administrasie vrygestel word van die bepalings van hierdie Konvensie solank hulle op hierdie reise gebruik word, indien die Regerings van die State waarin hierdie hawens geleë is, oortuig is dat dit met die oog op die beskutte aard of omstandighede van sulke reise tussen hierdie hawens, die toepassing van die bepalings van hierdie Konvensie op skeep wat op sulke reise gebruik word, onredelik of onuitvoerbaar maak.
- (2) Die Administrasie mag enige skip met 'n nuwe soort kenmerk vrystel van enige van die bepalings van hierdie Konvensie, waarvan die toepassing in ernstige mate navorsing in verband met die ontwikkeling van so 'n kenmerk en sy inbouing in skeep wat vir internasionale reise gebruik word, sou belemmer. Enige skip van sodanige soort moet egter voldoen aan veiligheidsvereistes wat na die mening van die Administrasie voldoende is vir die diens waarvoor so 'n skip bestem is, en wat van so 'n aard is dat die algemene veiligheid van die skip verseker is, en wat aanneemlik is vir die Regerings van die State waar die skip moet aanlê.

- (b) ships registered in territories to which the present Convention is extended under Article 32; and
- (c) unregistered ships flying the flag of a State, the Government of which is a Contracting Government.
- (2) The present Convention shall apply to ships engaged on international voyages.
- (3) The Regulations contained in Annex I are specifically applicable to new ships.
- (4) Existing ships which do not fully comply with the requirements of the Regulations contained in Annex I or any part thereof shall meet at least such lesser related requirements as the Administration applied to ships on international voyages prior to the coming into force of the present Convention; in no case shall such ships be required to increase their freeboards. In order to take advantage of any reduction in freeboard from that previously assigned, existing ships shall comply with all the requirements of the present Convention.
- (5) The Regulations contained in Annex II are applicable to new and existing ships to which the present Convention applies.

ARTICLE 5

Exceptions

- (1) The present Convention shall not apply to—
- (a) ships of war;
- (b) new ships of less than 24 metres (79 feet) in length;
- (c) existing ships of less than 150 tons gross;
- (d) pleasure yachts not engaged in trade;
- (e) fishing vessels.
- (2) Nothing herein shall apply to ships solely navigating—
- (a) the Great Lakes of North America and the River St. Lawrence as far east as a rhumb line drawn from Cap des Rosiers to West Point, Anticosti Island, and, on the north side of Anticosti Island, the meridian of longitude 63° W;
- (b) the Caspian Sea;
- (c) the Plate, Parana and Uruguay Rivers as far east as a rhumb line drawn between Punta Norte, Argentina, and Punta del Este, Uruguay.

ARTICLE 6

Exemptions

- (1) Ships when engaged on international voyages between the near neighbouring ports of two or more States may be exempted by the Administration from the provisions of the present Convention, so long as they shall remain engaged on such voyages, if the Governments of the States in which such ports are situated shall be satisfied that the sheltered nature or conditions of such voyages between such ports make it unreasonable or impracticable to apply the provisions of the present Convention to ships engaged on such voyages.
- (2) The Administration may exempt any ship which embodies features of a novel kind from any of the provisions of this Convention the application of which might seriously impede research into the development of such features and their incorporation in ships engaged on international voyages. Any such ship shall, however, comply with safety requirements which, in the opinion of that Administration, are adequate for the service for which it is intended and are such as to ensure the overall safety of the ship and which are acceptable to the Governments of the States to be visited by the ship.

(3) Die Administrasie wat vrystelling kragtens paragraaf (1) en (2) van hierdie artikel verleen moet aan die Intergoewermentele Seevaartkonsultorganisasie (hierna die Organisasie genoem) die besonderhede daarvan en die redes daarvoor verstrek en die Organisasie moet hulle dan ter inligting aan die kontrakterende Regerings rondstuur.

(4) 'n Skip wat nie normaalweg vir internasionale reise gebruik word nie, maar waarvan in buitengewone omstandighede verlang word om 'n enkele internasionale reis te onderneem, kan deur die Administrasie vrygestel word van enige van die bepalings van hierdie Konvensie, mits dit aan die veiligheidsvereistes voldoen wat na die Administrasie se mening, afdoende is vir die reis deur die skip onderneem.

ARTIKEL 7

Oormag

(1) 'n Skip wat nie ten tyde van sy vertrek op 'n reis onderworpe is aan die bepalings van hierdie Konvensie nie, sal ook nie daaraan onderworpe word nie weens enige afwyking van sy voorgename reis as gevolg van slegte weer of enige ander geval van oormag nie.

(2) By die toepassing van die bepalings van hierdie Konvensie, moet die kontrakterende Regering behoorlik rekening hou met enige afwyking of vertraging waaraan 'n skip onderwerp word as gevolg van slegte weer of enige ander geval van oormag.

ARTIKEL 8

Ekwivalente

(1) Die Administrasie mag toestaan dat enige toebehore, materiaal, toestel of apparaat aan 'n skip aangebring word of enige ander voorsiening daarin gemaak word, wat nie kragtens hierdie Konvensie vereis word nie, indien hy oortuig is deur sodanige toebehore, materiaal, toestel, apparaat of voorsiening op die proef te stel of op 'n ander manier te toets, dat dit tenminste ewe doeltreffend is as dié wat volgens die Konvensie vereis word.

(2) Die Administrasie wat die aanbring van 'n stuk toebehore, materiaal, toestel of apparaat, of die maak van ander voorsiening as dié deur hierdie Konvensie vereis toelaat, moet besonderhede daarvan aan die Organisasie verstrek vir omsending aan die kontrakterende Regerings, tesame met 'n verslag van enige proefnemings wat miskien gedoen is.

ARTIKEL 9

Toestemming met die oog op proefnemings

(1) Niks in hierdie Konvensie vervat verhoed dat 'n Administrasie spesifieke toestemming verleen met die oog op proefnemings ten opsigte van 'n skip waarop die Konvensie van toepassing is.

(2) 'n Administrasie wat sodanige toestemming verleen moet besonderhede daarvan aan die Organisasie verstrek vir omsending aan die kontrakterende Regerings.

ARTIKEL 10

Reparasies, veranderings en wysigings

(1) 'n Skip wat reparasies, veranderings of wysigings ondergaan en dienooreenkomstig toegerus word, moet nog steeds tenminste voldoen aan die vereistes wat vroeër op die skip van toepassing was. 'n Bestaande skip moet in so 'n geval gewoonlik nie in mindere mate as tevore aan die vereistes vir 'n nuwe skip voldoen nie.

(2) Reparasies, veranderings en wysigings van groot omvang, sowel as die toerusting wat daarmee in verband

(3) The Administration which allows any exemption under paragraphs (1) and (2) of this Article shall communicate to the Inter-Governmental Maritime Consultative Organization (hereinafter called the Organization) particulars of the same and reasons therefor which the Organization shall circulate to the Contracting Governments for their information.

(4) A ship which is not normally engaged on international voyages but which, in exceptional circumstances, is required to undertake a single international voyage may be exempted by the Administration from any of the requirements of the present Convention, provided that it complies with safety requirements which, in the opinion of that Administration, are adequate for the voyage which is to be undertaken by the ship.

ARTICLE 7

Force Majeure

(1) A ship which is not subject to the provisions of the present Convention at the time of its departure on any voyage shall not become subject to such provisions on account of any deviation from its intended voyage due to stress of weather or any other cause of *force majeure*.

(2) In applying the provisions of the present Convention, the Contracting Government shall give due consideration to any deviation or delay caused to any ship owing to stress of weather or any other cause of *force majeure*.

ARTICLE 8

Equivalents

(1) The Administration may allow any fitting, material, appliance or apparatus to be fitted, or any other provision to be made in a ship, other than that required by the present Convention, if it is satisfied by trial thereof or otherwise that such fitting, material, appliance or apparatus, or provision, is at least as effective as that required by the Convention.

(2) The Administration which allows a fitting, material, appliance or apparatus, or provision, other than that required by the present Convention, shall communicate to the Organization for circulation to the Contracting Governments particulars thereof, together with a report on any trials made.

ARTICLE 9

Approvals for Experimental Purposes

(1) Nothing in the present Convention shall prevent an Administration from making specific approvals for experimental purposes in respect of a ship to which the Convention applies.

(2) An Administration which makes any such approval shall communicate to the Organization for circulation to the Contracting Governments particulars thereof.

ARTICLE 10

Repairs, Alterations and Modifications

(1) A ship which undergoes repairs, alterations, modifications and outfitting related thereto shall continue to comply with at least the requirements previously applicable to the ship. An existing ship in such a case shall not, as a rule, comply to a lesser extent with the requirements for a new ship than it did before.

(2) Repairs, alterations and modifications of a major character and outfitting related thereto should meet the

staan, behoort aan die vereistes vir 'n nuwe skip te voldoen vir sover die Administrasie dit redelik en uitvoerbaar ag.

ARTIKEL 11

Sones en seisoensgebiede

(1) 'n Skip waarop hierdie Konvensie van toepassing is, moet voldoen aan die vereistes wat geld vir daardie skip in die sones en seisoensvaargebiede in Aanhangsel II beskryf.

(2) 'n Hawe wat op die grens tussen twee sones of seisoensgebiede geleë is, word beskou as geleë synde binne die sone of seisoensgebied vanwaar die skip kom of waarheen dit vertrek.

ARTIKEL 12

Laslyne onder water

(1) Behalwe soos in paragrawe (2) en (3) van hierdie artikel bepaal, mag die toepaslike laslyne op die kante van die skip wat ooreenstem met die seisoen en die sone of vaargebied waarin die skip is, nooit wanneer die skip uitvaar, of gedurende die reis of by aankoms, onder water wees nie.

(2) Wanneer 'n skip in soetwater met 'n soortlike gewig gelyk aan 1 is, mag die toepaslike laslyn die toegelate hoeveelheid soetwater soos op die Internasionale Laslynsertifikaat (1966) aangetoon onder water wees. Wanneer die soortlike gewig nie gelyk aan 1 is nie, moet 'n speling toegelaat word wat eweredig is met die verskil tussen 1.025 en die werklike digtheid.

(3) Wanneer 'n skip uit 'n hawe vertrek wat aan 'n rivier of binnelandse water geleë is, moet 'n dieper lading toegelaat word in ooreenstemming met die gewig van die brandstof en alle ander materiale wat nodig is vir verbruik tussen die vertrekpunt en die see.

ARTIKEL 13

Ondersoek, inspeksie en merking

Die ondersoek, inspeksie en merking van skepe, sover dit die toepassing van die bepalings van hierdie Konvensie en die verlening van vrystelling daarvan betref, moet deur beamptes van die Administrasie uitgevoer word. Die Administrasie mag egter die ondersoek, inspeksie en merking toevertrou of aan ondersoekers vir daardie doel aangestel, of aan organisasies deur hom erken. In elke geval garandeer die betrokke Administrasie ten volle die volkomenheid en doeltreffendheid van die ondersoek, inspeksie en merking.

ARTIKEL 14

Aanvanklike en periodieke ondersoek en inspeksies

(1) Ondervermelde ondersoeke en inspeksies moet op 'n skip uitgevoer word:

- (a) 'n Ondersoek voor die skip in gebruik geneem word, wat 'n volledige inspeksie van sy struktuur en toerusting insluit vir sover as die skip deur hierdie Konvensie gedek word. Hierdie ondersoek moet so wees dat verseker word dat die skepsinrigtings, die materiaal en die kleinhout ten volle voldoen aan die vereistes van hierdie Konvensie.
- (b) 'n Periodieke ondersoek met tussenpose deur die Administrasie gespesifiseer maar nie langer as vyf jaar nie, wat so moet wees dat verseker word dat die struktuur, toerusting, skepsinrigting, materiaal en kleinhout ten volle voldoen aan die vereistes van hierdie Konvensie.
- (c) 'n Periodieke inspeksie binne drie maande voor of na elke jaarlikse vervalddag van die sertifikaat om

requirements for a new ship in so far as the Administration deems reasonable and practicable.

ARTICLE 11

Zones and Areas

(1) A ship to which the present Convention applies shall comply with the requirements applicable to that ship in the zones and areas described in Annex II.

(2) A port standing on the boundary line between two zones or areas shall be regarded as within the zone or area from or into which the ship arrives or departs.

ARTICLE 12

Submersion

(1) Except as provided in paragraphs (2) and (3) of this Article, the appropriate load lines on the sides of the ship corresponding to the season of the year and the zone or area in which the ship may be shall not be submerged at any time when the ship puts to sea, during the voyage or on arrival.

(2) When a ship is in fresh water of unit density the appropriate load line may be submerged by the amount of the fresh water allowance shown on the International Load Line Certificate (1966). Where the density is other than unity, an allowance shall be made proportional to the difference between 1.025 and the actual density.

(3) When a ship departs from a port situated on a river or inland waters, deeper loading shall be permitted corresponding to the weight of fuel and all other materials required for consumption between the point of departure and the sea.

ARTICLE 13

Survey, Inspection and Marking

The survey, inspection and marking of ships, as regards the enforcement of the provisions of the present Convention and the granting of exemptions therefrom, shall be carried out by officers of the Administration. The Administration may, however, entrust the survey, inspection and marking either to surveyors nominated for the purpose or to organizations recognized by it. In every case the Administration concerned fully guarantees the completeness and efficiency of the survey, inspection and marking.

ARTICLE 14

Initial and Periodical Surveys and Inspections

(1) A ship shall be subjected to the surveys and inspections specified below:

- (a) A survey before the ship is put in service, which shall include a complete inspection of its structure and equipment in so far as the ship is covered by the present Convention. This survey shall be such as to ensure that the arrangements, material, and scantlings fully comply with the requirements of the present Convention.
- (b) A periodical survey at intervals specified by the Administration, but not exceeding five years, which shall be such as to ensure that the structure, equipment, arrangements, material and scantlings fully comply with the requirements of the present Convention.
- (c) A periodical inspection within three months either way of each annual anniversary date of the certi-

te verseker dat geen veranderinge aan die romp of bobou aangebring is nie wat die berekenings wat die posisie van die laslyn bepaal sou affekteer en ook om te verseker dat onderstaande toebehore en toestelle behoorlik onderhou word:

- (i) beskerming van openings;
- (ii) skramrelings;
- (iii) waterafvoerpoorte; en
- (iv) toegange tot die bemanning se kwartiere.

(2) Die periodieke inspeksies waarna in paragraaf (1) (c) van hierdie artikel verwys word, moet geëndosseer word op die Internasionale Laslynsertifikaat (1966) of op die Internasionale Laslynsinstellingsertifikaat uitgereik aan 'n skip wat ingevolge paragraaf (2) van Artikel 6 van hierdie Konvensie vrygestel is.

ARTIKEL 15

Handhawing van toestand na ondersoek

Nadat 'n ondersoek van die skip ingevolge Artikel 14 voltooi is, mag geen verandering in die struktuur, toerusting, skeepsinrigting, materiaal of kleinhout deur die ondersoek gedek, sonder toestemming van die Administrasie aangebring word nie.

ARTIKEL 16

Uitreiking van sertifikate

(1) 'n Internasionale Laslynsertifikaat (1966) word aan elke skip wat ingevolge hierdie Konvensie ondersoek en gemerk is, uitgereik.

(2) 'n Internasionale Laslynsinstellingsertifikaat word aan enige skip uitgereik waaraan vrystelling verleen is, kragtens en ingevolge paragraaf (2) of (4) van Artikel 6.

(3) Sulke sertifikate word uitgereik deur die Administrasie of deur enige persoon of organisasie behoorlik deur hom gemagtig. In elke geval aanvaar die Administrasie volle verantwoordelikheid vir die sertifikaat.

(4) Nieteenstaande enige ander bepaling van hierdie Konvensie bly enige Internasionale Laslynsertifikaat wat nog geldig is wanneer hierdie Konvensie van krag word ten opsigte van die Regering van die Staat onder wie se vlag die skip vaar, geldig vir twee jaar of tot die vervalddag, watter van die twee ook al die eerste kom. Na daardie tyd is 'n Internasionale Laslynsertifikaat (1966) 'n ver-eiste.

ARTIKEL 17

Uitreiking van sertifikaat deur 'n ander Regering

(1) 'n Kontrakterende Regering mag op versoek van 'n ander kontrakterende Regering, 'n skip laat ondersoek en, indien hy oortuig is dat die bepalings van hierdie Konvensie nagekom word, 'n Internasionale Laslynsertifikaat (1966) aan die skip uitreik of magtiging tot die uitreiking daarvan verleen ingevolge hierdie Konvensie.

(2) 'n Kopie van die sertifikaat, 'n kopie van die ondersoekverslag wat gebruik is om die vryboord te bereken, en 'n kopie van die berekenings moet so spoedig moontlik aan die versoekende Regering gestuur word.

(3) 'n Aldus uitgereikte sertifikaat moet 'n verklaring bevat waarin vermeld word dat dit uitgereik is op versoek van die Regering van die Staat onder wie se vlag die skip vaar en dit is in dieselfde mate van krag en moet dieselfde erkenning ontvang as 'n sertifikaat kragtens Artikel 16 uitgereik.

(4) Geen Internasionale Laslynsertifikaat (1966) word uitgereik aan 'n skip wat vaar onder die vlag van 'n Staat waarvan die Regering geen kontrakterende Regering is nie.

ificate, to ensure that alterations have not been made to the hull or superstructures which would affect the calculations determining the position of the load line and so as to ensure the maintenance in an effective condition of fittings and appliances for—

- (i) protection of openings;
- (ii) guard rails;
- (iii) freeing ports; and
- (iv) means of access to crew's quarters.

(2) The periodical inspections referred to in paragraph (1) (c) of this Article shall be endorsed on the International Load Line Certificate (1966) or on the International Load Line Exemption Certificate issued to a ship exempted under paragraph (2) of Article 6 of the present Convention.

ARTICLE 15

Maintenance of Conditions after Survey

After any survey of the ship under Article 14 has been completed, no change shall be made in the structure, equipment, arrangements, material or scantlings covered by the survey, without the sanction of the Administration.

ARTICLE 16

Issue of Certificates

(1) An International Load Line Certificate (1966) shall be issued to every ship which has been surveyed and marked in accordance with the present Convention.

(2) An International Load Line Exemption Certificate shall be issued to any ship to which an exemption has been granted under and in accordance with paragraph (2) or (4) of Article 6.

(3) Such certificates shall be issued by the Administration or by any person or organization duly authorized by it. In every case, the Administration assumes full responsibility for the certificate.

(4) Notwithstanding any other provision of the present Convention, any international load line certificate which is current when the present Convention comes into force in respect of the Government of the State whose flag the ship is flying shall remain valid for two years or until it expires, whichever is earlier. After that time an International Load Line Certificate (1966) shall be required.

ARTICLE 17

Issue of Certificate by another Government

(1) A Contracting Government may, at the request of another Contracting Government, cause a ship to be surveyed and, if satisfied that the provisions of the present Convention are complied with, shall issue or authorize the issue of an International Load Line Certificate (1966) to the ship in accordance with the present Convention.

(2) A copy of the certificate, a copy of the survey report used for computing the freeboard, and a copy of the computations shall be transmitted as early as possible to the requesting Government.

(3) A certificate so issued must contain a statement to the effect that it has been issued at the request of the Government of the State whose flag the ship is or will be flying and it shall have the same force and receive the same recognition as a certificate issued under Article 16.

(4) No International Load Line Certificate (1966) shall be issued to a ship which is flying the flag of a State the Government of which is not a Contracting Government.

ARTIKEL 18

Vorm van sertifikaat

(1) Die sertifikate moet in die amptelike taal of tale van die land van uitreiking opgestel word. Indien die taal geen Engels of Frans is nie, moet die teks 'n vertaling in een van hierdie tale insluit.

(2) Die sertifikate moet in die vorm wees van die model in Aanhangsel III aangegee. Die indeling van die gedrukte deel van elke modelsertifikaat moet presies gereproduseer word in enige sertifikaat wat uitgereik word, sowel as in enige gewaarmerkte afskrifte daarvan.

ARTIKEL 19

Geldigheidsduur van sertifikate

(1) 'n Internasionale Laslynsertifikaat (1966) word uitgereik vir 'n tydperk deur die Administrasie vasgestel, maar hierdie tydperk mag nie langer as vyf jaar wees nie vanaf die datum van uitreiking.

(2) Indien, na die periodieke ondersoek in paragraaf (1) (b) van Artikel 14 vermeld, geen nuwe sertifikaat aan die skip uitgereik kan word voor die vervaldag van die oorspronklik uitgereikte sertifikaat nie, mag die persoon of organisasie wat die ondersoek uitvoer die geldigheid van die oorspronklike sertifikaat verleng vir 'n tydperk van hoogstens vyf maande. Hierdie verlenging moet op die sertifikaat aangeteken word en mag alleen verleen word wanneer daar geen veranderings in die konstruksie, toerusting, inrigtings, materiaal of kleinhout aangebring is nie wat die skip se vryboord affekteer.

(3) 'n Internasionale Laslynsertifikaat (1966) word deur die Administrasie gekanselleer indien enige van die onderstaande omstandighede hom voordoen:

- (a) belangrike veranderings plaasgevind het in die romp of bobou van die skip van so 'n aard dat dit die toewysing van 'n vergrote vryboord noodsaaklik sou maak;
- (b) die toebehore en toestelle in subparagraaf (c) van paragraaf (1) van Artikel 14 genoem nie in 'n goeie toestand gehou word nie;
- (c) die sertifikaat nie geëndosseer is nie om aan te toon dat die skip ondersoek is soos bepaal in subparagraaf (c) van paragraaf (1) van Artikel 14;
- (d) die strukturele sterkte van die skip in so 'n mate verlaag is dat die skip onveilig is.

(4) (a) Die geldigheidsduur van 'n Internasionale Laslynsertifikaat uitgereik deur 'n Administrasie aan 'n skip wat kragtens paragraaf (2) van Artikel 6 vrygestel is, mag nie langer as vyf jaar na die datum van uitreiking wees nie. So 'n sertifikaat is onderworpe aan 'n hernuwingsendossement en aan 'n dergelike kanselleringsprosedure as dié waarvoor voorsiening op 'n Internasionale Laslynsertifikaat (1966) ingevolge hierdie Artikel gemaak is.

(b) Die geldigheidsduur van 'n Internasionale Laslynsertifikaat uitgereik aan 'n skip wat ingevolge paragraaf (4) van Artikel 6 vrygestel is, moet beperk word tot die enkele reis ten opsigte waarvan dit uitgereik is.

(5) 'n Sertifikaat deur 'n Administrasie aan 'n skip uitgereik is nie langer geldig nie wanneer so 'n skip deur 'n ander Staat oorgeneem word en dan onder daardie Staat se vlag vaar.

ARTIKEL 20

Erkenning van sertifikate

Die sertifikate op gesag van 'n kontrakterende Regering uitgereik ooreenkomstig hierdie Konvensie moet deur die

ARTICLE 18

Form of Certificates

(1) The certificates shall be drawn up in the official language or languages of the issuing country. If the language used is neither English nor French, the text shall include a translation into one of these languages.

(2) The form of the certificates shall be that of the models given in Annex III. The arrangement of the printed part of each model certificate shall be exactly reproduced in any certificates issued, and in any certified copies thereof.

ARTICLE 19

Duration of Certificates

(1) An International Load Line Certificate (1966) shall be issued for a period specified by the Administration, which shall not exceed five years from the date of issue.

(2) If, after the periodical survey referred to in paragraph (1) (b) of Article 14, a new certificate cannot be issued to the ship before the expiry of the certificate originally issued, the person or organization carrying out the survey may extend the validity of the original certificate for a period which shall not exceed five months. This extension shall be endorsed on the certificate, and shall be granted only where there have been no alterations in the structure, equipment, arrangements, material or scantlings which affect the ship's freeboard.

(3) An International Load Line Certificate (1966) shall be cancelled by the Administration if any of the following circumstances exist—

- (a) material alterations have taken place in the hull or superstructures of the ship such as would necessitate the assignment of an increased freeboard;
- (b) the fittings and appliances mentioned in subparagraph (c) of paragraph (1) of Article 14 are not maintained in an effective condition;
- (c) the certificate is not endorsed to show that the ship has been inspected as provided in subparagraph (c) of paragraph (1) of Article 14;
- (d) the structural strength of the ship is lowered to such an extent that the ship is unsafe.

(4) (a) The duration of an International Load Line Exemption Certificate issued by an Administration to a ship exempted under paragraph (2) of Article 6 shall not exceed five years from the date of issue. Such certificate shall be subject to a renewal, endorsement and cancellation procedure similar to that provided for an International Load Line Certificate (1966) under this Article.

(b) The duration of an International Load Line Exemption Certificate issued to a ship exempted under paragraph (4) of Article 6 shall be limited to the single voyage for which it is issued.

(5) A certificate issued to a ship by an Administration shall cease to be valid upon the transfer of such a ship to the flag of another State.

ARTICLE 20

Acceptance of Certificates

The certificates issued under the authority of a Contracting Government in accordance with the present Convention shall be accepted by the other Contracting

ander kontrakterende Regerings erken word en vir alle doeleindes deur hierdie Konvensie gedek, beskou word as van dieselfde krag as die sertifikate deur hulself uitgereik.

ARTIKEL 21

Kontrole

(1) Wanneer skepe in besit van 'n sertifikaat wat kragtens Artikel 16 of Artikel 17 uitgereik is, hul in 'n hawe van 'n ander kontrakterende Regering bevind, is hulle onderworpe aan kontrolering deur beamptes wat behoortlik deur hul Regerings daartoe gemagtig is. Kontrakterende Regerings moet sorg dat sodanige kontrole uitgeoefen word vir sover dit redelik en uitvoerbaar is met die doel om na te gaan of daar 'n geldige sertifikaat ingevolge hierdie Konvensie aan boord is. Indien daar 'n geldige Internasionale Laslynsertifikaat (1966) aan boord van die skip is, moet sodanige kontrolering beperk word tot die doel om te bepaal of;

- (a) die skip nie swaarder gelaai is as die sertifikaat toelaat nie;
- (b) die posisie van die laslyn van die skip ooreenstem met die sertifikaat; en of
- (c) die skip nie so wesenlik verander is ten opsigte van die aangeleenthede in subparagrafe (a) en (b) van paragraaf (3) van Artikel 19 uiteengesit nie, dat dit klaarblyklik nie geskik is om uit te vaar sonder dat menselewens in gevaar gestel word nie. Indien daar 'n geldige Internasionale Laslynvrystellingsertifikaat aan boord is, moet die kontrolering beperk bly tot die vasstelling of aan enige van die voorwaardes in die sertifikaat voorgeskryf voldoen is.

(2) Indien sodanige kontrole uitgeoefen word ingevolge subparagraaf (c) van paragraaf (1) van hierdie Artikel, moet dit slegs uitgeoefen word vir sover dit nodig mag wees om te verseker dat die skip nie uitvaar totdat dit kan geskied sonder gevaar vir die passasiers of die bemanning nie.

(3) In die geval dat die kontrole waarvoor in hierdie Artikel voorsiening gemaak is, aanleiding gee tot enige soort intervensie, moet die kontrolerende beampte die Konsul of die diplomatieke verteenwoordiger van die Staat onder wie se vlag die skip vaar onverwyld in kennis van sy besluit stel en van al die omstandighede wat hom tot intervensie genoep het.

ARTIKEL 22

Voorregte

Geen aanspraak op die voorregte van hierdie Konvensie kan gemaak word ten opsigte van enige skip tensy die skip in besit van 'n geldige sertifikaat ingevolge hierdie Konvensie is nie.

ARTIKEL 23

Ongevalle

(1) Elke Administrasie verbind hom om 'n ondersoek in te stel na enige ongeval wat skepe oorkom waarvoor hy die verantwoordelikheid dra en wat onderworpe is aan die bepalings van hierdie Konvensie, wanneer hy reken dat so 'n ondersoek kan help om te bepaal watter wysigings miskien aan die Konvensie wenslik is.

(2) Elke kontrakterende Regering verbind hom om die betrokke inligting in verband met die bevindings van so 'n ondersoek aan die Organisasie te verstrek. Geen verslae of aanbevelings van die Organisasie op sodanige inligtings gebaseer, mag die identiteit of nasionaliteit van die betrokke skepe openbaar of op enige manier enige skip of persoon openlik of stilswyend verantwoordelik hou nie.

Governments and regarded for all purposes covered by the present Convention as having the same force as certificates issued by them.

ARTICLE 21

Control

